

Kan ek ontslaan word terwyl ek met jaarlikse verlof is?

Nee, ek kan nie ontslaan word terwyl ek met jaarlikse verlof is nie. Ek kan ook nie op jaarlikse verlof geplaas word terwyl ek met ander verlof is nie, soos byvoorbeeld siekteverlof.

Kan ek onbetaalde verlof kry?

Ja, die BCEA sê ek het die reg op onbetaalde verlof.

Wat kan ek doen as my baas my nie hierdie regte gee nie?

As ek slegs deur die BCEA of deur 'n sektorale vasstelling gedek word, moet ek die baas by my naaste Departement van Arbeid kantoor aanmeld. As ek deur 'n bedingingsraad gedek word, moet ek die baas by die bedingingsraad agente aanmeld.

Ek kan die Casual Workers Advice Office skakel as ek nie seker is of ek deur die BCEA, 'n sektorale vasstelling of 'n bedingingsraad gedek word nie.

Afrikaans -
Annual leave



KEN JOU REGTE

Jaarlikse Verlof (Annual Leave)

Artikels 19 tot 27 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (BCEA) gee werkers jaarlikse verlofregte. Werkers wat minder as 24 ure per maand werk kry nie jaarlikse verlof nie.

Wat is jaarlikse verlof?

Jaarlikse verlof is 'n tyd elke jaar wanneer ek as werker veronderstel is om te rus. Die baas moet my betaal vir hierdie rustyd. Die BCEA sê die baas kan my nie tydens my jaarlikse verlof laat werk nie. Ek moet rus.

Casual Workers' Advice Office (CWAO)

082 812 1934 AND 076 551 7112

2 High Road, Georgetown, Germiston, GAUTENG

Wat gebeur wanneer 'n openbare vakansiedag tydens my jaarlikse verlof val?

Ek moet 'n ekstra dag se betaalde jaarlikse verlof kry as 'n openbare vakansiedag tydens my verlofperiode val, as die openbare vakansiedag op 'n dag val wat ek normaalweg sou gewerk het.

Byvoorbeeld, as ek van Maandag tot Vrydag werk en 'n openbare vakansiedag val tussen Maandag en Vrydag, dan moet ek 'n ekstra dag betaalde jaarlikse verlof kry.

Wie besluit wanneer ek jaarlikse verlof kan neem?

Ek moet met my baas ooreenkoms wanneer ek jaarlikse verlof kan neem. As ons nie kan saamstem nie, dan besluit die baas wanneer ek dit moet neem.



Wanneer moet ek jaarlikse verlof kry?

Ek moet jaarlikse verlof kry 12 maande nadat ek begin werk het of 12 maande sedert die laaste keer dat ek verlof moes kry. Ek moet my jaarlikse verlof neem nie later nie as 6 maande nadat dit verskuldig is.

Hoeveel jaarlikse verlof moet ek kry?

Ek moet 21 dae verlof kry wat opvolg op mekaar (opeenvolgende dae). As ek nie voltyds vir my baas werk nie, soos byvoorbeeld baie huishulpe doen, kan ek 'n ooreenkoms maak om een (1) dag se betaalde jaarlikse verlof te neem vir elke 17 dae wat ek werk. Of ek kan 'n ooreenkoms maak om 1 uur se betaalde jaarlikse verlof te kry vir elke 17 uur wat ek werk.

Moet ek al my jaarlikse verlof op dieselfde tyd neem?

Ek het die reg om al my verlof op dieselfde tyd te neem. Maar ek het ook die reg om af en toe dae verlof te neem, op volle betaling. My baas kan dan hierdie af en toe dae van my totale jaarlikse verlof neem.

Moet ek betaal word wanneer ek jaarlikse verlof neem?

Ja, ek moet my normale loon betaal word wanneer ek jaarlikse verlof neem. Die baas kan my betaal aan die begin van my verlof of op my gewone betaaldag.